

Sing vooraf: Psalm 39:5 (p. 199)

- 5 En nou, wat is dit waar ek nog op wag? / Ek hoop op U alleen, o God!
Red my van skuld, die oorsaak van my smart, / en laat die dwaas nie met my spot;
dan swyg ek stil, want U het dit gedoen; / ek wil my met u wil versoen.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 65:2 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregthede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Skrifberyming 1-3:3

- 3 So kom die stryd, die skeiding, / van duisternis en lig.
Wie aanhou met die slegte, / hul lewens bly ontwig.
Maar wie, uit God gebore, / die waarheid soek en doen,
kom dankbaar na die lig toe / as kind met God versoen.

Skriflesing: Job 9

Teks: Job 9:15; Kategismus Sondag 51

Hom wat ek nie kan antwoord nie, al was ek regverdig: ek kan my regter net om genade smeek! (Job 9:15 AFR1953)

Dit is heeltemal verstaanbaar dat die tollenaar in die gelykenis versigtig in die kerk gaan staan het en gesmeek het vir genade, want hy sê self dat hy 'n sondaar is.

En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig! (Lukas 18:13 AFR1953)

Maar wat van Job? Waarom word hy deur die duiwel versoek? Want die Here praat self met die Satan:

En die HERE vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad; en hy volhard nog in sy vroomheid, alhoewel jy My teen hom opgehits het om hom te vernietig sonder oorsaak. (Job 2:3 AFR1953)

Hoe het hierdie vroom en opregte man self oor alles gevoel? Wat het hy van homself geweet? Hy het goed geweet dat hy ver van volmaak af was.

- Hy het God ook as Regter geken en hy het geweet dat hy by die Hoogste Regter vergifnis van sy sonde moet kry, anders is hy diep en ver verlore.
- Hy het dus geweet hy is nie onskuldig nie!

Daarom sê hy:

Hom wat ek nie kan antwoord nie, al was ek regverdig: ek kan my regter net om genade smeek! (Job 9:15 AFR1953)

Wat baie belangrik is oor hierdie uitspraak van Job is dat hy nie deur die Regter (die Here) gedagvaar is om voor Hom te verskyn nie!

- Hy besef egter dat hy – ons almal – eendag voor die Regbank gaan verskyn – en dat ons dan ernstig genade nodig gaan hê.
- Die rede hiervoor is eenvoudig: Die Alwetende God is bewus van alles wat ons teen Hom oortree.
- Daarom stel hy homself voor die Regter en smeek vir vergifnis.

Die boek Job het ook 'n ander stuk praktiese lewensgebeure in wat ons almal raak. Kyk net wat maak Job se vriende.

- Met die uitsondering van een van hulle kraak hulle hom af en beskuldig hom dat sy toestand sy verdiende straf is.
- Hoor wat sê hy van sy vriende:

My vriende spot met my; uit my oog drup tranes tot God – (Job 16:20 AFR1953)

Al my vertroude vriende het 'n afsku van my; en die wat ek liefgehad het, het hulle teen my gekeer. (Job 19:19 AFR1953)

Met sulke vriende het mens nie juis vyande nodig om jou lewe te versuur nie! Selfs die Here word vir hulle kwaad!

Sy toorn het ook ontvlam teen sy drie vriende, omdat hulle geen antwoord gevind het nie en Job veroordeel het. (Job 32:3 AFR1953)

Wat moet ons nou doen wat reg is voor die Here? Is dit waar dat as mense verkeerde dinge teen my doen – so verkeerd dat die Here saamstem dat hulle hopeloos is – dat ek sulke mense mag haat en verag?

- Die antwoord is: Nee, ons mag hulle nie haat nie.
- Ons moet vir hulle bid dat hulle ook vergifnis by die Here kan kry.

Dis is baie maklik om die beginsel uit die Bybel raak te sien en dit oor te vertel, maar dis nie so eenvoudig om dit te gaan doen nie.

- Die feit is dat Job nie by die Here vergifnis sou kry as hyself nie die onreg kon vergewe wat sy vriende aan hom gedoen het nie!
- Die Here het van Job verwag om vir sy vriende se oortreding teen hom by die Here te gaan vra dat die Here hulle moet vergewe. Hy moes vir hulle onthalwe offers tot vergifnis van hulle sondes gaan offer!

Luister hoe aangrypend vertel die Bybel dat die Here vir die vriende gaan sê het dat Hy vir hulle kwaad is en dat Job as middelaar vir hulle versoening moet doen.

En nadat die HERE Job toegesprek het met hierdie woorde, sê die HERE aan Élifas, die Temaniet: My toorn het ontvlam teen jou en jou twee vriende; want julle het nie reg van My gesprek soos my kneg Job nie. Neem dan nou vir julle sewe bulle en sewe ramme, en gaan na my kneg Job en bring 'n brandoffer vir julle, en laat my kneg Job vir julle bid; want hom

alleen sal Ek in guns aanneem, sodat Ek aan julle nie die dwaasheid laat vergelde nie; want julle het nie reg van My gesprek soos my kneg Job nie. Toe het Elifas, die Temaniet, en Bildad, die Suhiet, en Sofar, die Naämatiet, heengegaan en gedoen soos die HERE aan hulle gesê het; en die HERE het Job in guns aangeneem. (Job 42:7-9 AFR1953)

Natuurlik beeld die Here hiermee 'n bepaalde verhouding uit wat daar tussen mense moet wees.

- Hy verwag baie duidelik dat hierdie verhouding tussen mense onberispelik nagekom moet word – dan vergewe Hy ons op sy beurt dit wat ons teen Hom verkeerd doen.

En die HERE het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het; en die HERE het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen. (Job 42:10 AFR1953)

Die feit dat Job die versoenende gebed gedoen het en sy vriende en hy vergifnis gekry het, is baie baie belangrik, want daarmee het hulle hulle sondes erken!

- Hulle het hulleself nie langer oor hulle vroomheid bedrieg nie.
- Hulle het hulle neergelê by die toorn van die Here wat hulle gaan tref as hulle nie sake met God en met mekaar regmaak nie.

As ons by die Here wil vra vir vergifnis van ons sondes, moet ons dit kan vra met die volle besef van *al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef*.

- Ons moet ook verstaan dat swak naaste-verhoudings niks bydra dat die Here sy liefde vir ons sal gee nie!
- Inteendeel – dit belemmer die moontlikheid dat ons by die Here vergifnis sal kry.

Daarom is dit juis die Here Jesus wat in sy gebed vir ons leer om te vra vir vergifnis van ons sondes, maar om dit te koppel aan ons eie *ernstige voorneme om ons naaste van harte te vergewe*.

- Die prediking van die Here Jesus Christus in hierdie gebed is dus dat Hy ons sal vergewe, maar dan moet ons ook vergewe.
- Hy sal ons met God versoen – daarom eis Hy van ons dat ons die mense wat teen ons sonde doen ook met God moet versoen.

Hy stel die voorbeeld: Ons sondig teen Hom, daarom versoen Hy ons.

- Ons sondes teen die Here veroorsaak dat ons toegang na die ewige koninkryk van God toe toegemaak word.
- Hy maak met sy dood (wat 'n strafdood ter wille van ons is) en sy opstanding (wat 'n pad-oopmaak ter wille van ons is) die koninkryk van God vir ons toeganklik.

Daarom stuur God ons net soos wat Hy Job en sy vriende gestuur het om met mekaar te gaan vrede maak.

- MAAR LET OP: Moenie gaan sê “ekskuus” of “sorry” nie.
- Gaan maak seker dat die vrede met mekaar en met God herstel is.

Kom ons lees saam wat ons in ons belydenisskrifte hiervan voor die Here bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 51:

Vraag 126: Wat is die vyfde bede?

Antwoord: *Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe (b).*

(a) Ps 51:3; 143:2; 1 Joh 2:1; Rom 8:1. (b) Matt 6:14

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 16:5 (p. 62)

- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum : 20 Januarie 2008